



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Regulation Gazette

No. 9408

Regulasiekoerant

Vol. 545

Pretoria, 2 November 2010

No. 33724

*N.B. The Government Printing Works will
not be held responsible for the quality of
"Hard Copies" or "Electronic Files"
submitted for publication purposes*



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

CONTENTS**INHOUD**

<i>No.</i>		<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>	<i>No.</i>		<i>Bladsy No.</i>	<i>Koerant No.</i>
GOVERNMENT NOTICES				GOEWERMENSKENNISGEWINGS			
Agriculture, Forestry and Fisheries, Department of				Landbou, Bosbou en Visserie, Departement van			
<i>Government Notices</i>				<i>Goewermentskennisgewings</i>			
R. 1018	Marketing of Agricultural Products Act (47/1996): Establishment of statutory measure: Registration by abattoirs and exporters of live pigs	3	33724	R. 1018	Wet op die Bemaking van Landbouprodukte (47/1996): Instelling van statutêre maatreël: Registrasie van abattoirs en uitvoerders van lewende varke	6	33724
R. 1019	do.: Establishment of statutory measure and determination of guideline price: Levies relating to pigs	10	33724	R. 1019	do.: Instelling van statutêre maatreël en bepaling van riglynprys: Heffings ten opsigte van varke	14	33724
R. 1020	do.: Establishment of statutory measures: Records and returns by abattoirs and exporters of live pigs	19	33724	R. 1020	do.: Instelling van statutêre maatreëls: Rekords en opgawes deur abattoirs en uitvoerders van lewende varke	23	33724

GOVERNMENT NOTICES GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTMENT OF AGRICULTURE, FORESTRY AND FISHERIES DEPARTEMENT VAN LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE

No. R. 1018

2 November 2010

Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996)

ESTABLISHMENT OF STATUTORY MEASURE: REGISTRATION BY ABATTOIRS AND EXPORTERS OF LIVE PIGS

I, Tina Joemat-Pettersson, Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, acting under sections 10, 13, 14 and 19 of the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996), hereby establish the statutory measure set out in the Schedule hereto.

TINA JOEMAT-PETTERSON
Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries

SCHEDULE

Definitions

1. In this Schedule any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning and, unless the context indicates otherwise –

“abattoir” means a slaughter facility as defined in section 1 of the Meat Safety Act, 2000 (Act No. 40 of 2000), save for those facilities that have been excluded by the levy administrator after application to the levy administrator as provided for in the these regulations

“levy administrator” means the South African Pork Producers’ Organisation, the juristic person entrusted with the implementation, administration and enforcement of the statutory measure established under this regulation;

“the Act” means the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996).

Purpose and aims of the statutory measures and the relation thereof to objectives of the Act

2. The purpose and aims of this statutory measure is to compel abattoirs slaughtering pigs and exporters of live pigs to register with the levy administrator. This is necessary to ensure that continuous, timeous and accurate market information relating to pigs slaughtered, marketed and live pigs exported is available to all role players. Market information is deemed essential for all role players in order for them to make informed decisions.

The establishment of the statutory measure should assist in promoting the efficiency of the marketing of pork. The viability of the pork industry should thus be enhanced.

The measure is not detrimental to any of the objectives of the Act and, in particular, shall not be detrimental to the number of employment opportunities or fair labour practice in the pork industry.

Confidential information of any person subject to this statutory measure obtained by the levy administrator through the implementation, administration and enforcement of this statutory measure shall be dealt with in accordance with section 23(2) of the Act.

The measure shall be administered by the levy administrator who appointed the Red Meat Levy Admin (Pty) Ltd to assist them with the registration of the identified role-players. The latter shall act in terms of the mandate and on behalf of the South African Pork Producers’ Organisation.

Product to which the statutory measure shall apply

3. This statutory measure shall apply to –
- a) pigs slaughtered by abattoirs for commercial use other than own consumption; and
 - b) pigs exported live.

Area in which statutory measure shall apply

4. This statutory measure shall apply within the geographical area of the Republic of South Africa.

Registration and enforcement

5. (1) Any abattoir slaughtering pigs for commercial use other than for own consumption and exporters of live pigs shall on an annual basis register and re-register with the levy administrator.

(2) Registration shall be done immediately upon receipt of a registration form obtainable free of charge for this purpose from the levy administrator, and shall –

- a) be submitted, when forwarded by mail, to
The Levy Administrator
PO Box 36802
MENLO PARK
0102
- b) When sent by telefax, be addressed to 012 361 6004.

(3) Any abattoir as defined in the levy notice may apply to the levy administrator for exemption from the provisions of clause 5(1) and 5(2) of these regulations on the grounds that it is a welfare organisation as defined in terms of section 1 of the Value Added Tax Act, 1998 (Act no 89 of 1998).

(4) The implementation, administration and enforcement of the statutory measure established in terms of these Regulations are entrusted to the levy administrator in terms of section 14 of the Act.

Commencement and period of validity

6. This statutory measure shall come into operation on 1 November 2010 and lapse on 31 October 2014.

No. R. 1018

2 November 2010

**Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996
(Wet 47 van 1996)**

**INSTELLING VAN STATUTÊRE MAATREËL: REGISTRASIE VAN ABATTOIRS EN
UITVOERDERS VAN LEWENDE VARKE**

Ek, Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende ingevolge artikels 10, 13, 14 en 19 van die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996 (Wet 47 van 1996) stel hiermee die statutêre maatreël in soos uiteengesit in die Bylaag hierby aangeheg.

TINA JOEMAT-PETTERSON

Minister van Landbou, Bosbou en Visserye

BYLAAG

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylaag, sal enige woord of uitdrukking waarvoor 'n betekenis in die Wet aangedui word, daardie betekenis hê, tensy dit uit die samehang anders blyk -

“abattoir” beteken die slagfasiliteit soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Vleisveiligheid, 2000 (Wet 40 van 2000) met die uitsondering van daardie fasiliteite wat deur die heffingadministrateur uitgesluit word op grond van 'n aansoek gerig aan die heffingadministrateur soos voorsien in die registrasiekennisgewing;

“heffingadministrateur” beteken die Suid-Afrikaanse Varkvleisprodusente-Organisasie, die juristiese persoon wat verantwoordelik is vir die implementering, administrasie en toepassing van die statutêre maatreël soos ingevolge hierdie regulasie ingestel;

“die Wet” verwys na die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996 (Wet 47 van 1996).

Doel en doelstellings van die statutêre maatreël en die betrekking daarvan op die doelstellings van die Wet

2. Die doel en doelstellings van hierdie statutêre maatreël is om abattoirs wat varke slag en uitvoerders van lewende varke te verplig om te registreer by die heffingadministrateur. Dit is nodig om te verseker dat aaneenlopende, tydige en akkurate markinligting ten opsigte van varke wat geslag en bemark of lewendig uitgevoer word aan alle rolspelers beskikbaar is. Markinligting word as noodsaaklik geag vir alle rolspelers om hulle in staat te stel om ingeligte besluite te neem.

Die instelling van die statutêre maatreël behoort te help om die doeltreffendheid van varkvleisbemarking te verbeter. Die lewensvatbaarheid van die varkvleisbedryf behoort dus verhoog te word.

Die maatreël is nie nadelig vir enige doelstelling ingevolge hierdie Wet nie en sal, in besonder, nie 'n nadelige invloed op die getal werksgeleenthede of billike arbeidspraktyk in die varkvleisbedryf hê nie.

Vertroulike inligting oor enige persoon wat onderhewig is aan hierdie statutêre maatreël wat verkry word deur die heffingadministrateur deur middel van die implementering, administrasie en toepassing van hierdie statutêre maatreël sal hanteer word ingevolge artikel 23(2) van die Wet.

Die statutêre maatreël sal deur die heffingadministrateur geadministreer word, wat reeds die Red Meat Levy Admin (Edms) Bpk aangestel het om met die administrasie van die statutêre maatreël behulpzaam te wees. Laasgenoemde sal namens en ingevolge die mandaat van die Suid-Afrikaanse Varkvleisprodusente-organisasie optree.

Produk waarop die statutêre maatreël van toepassing sal wees

3. Hierdie statutêre maatreël sal van toepassing wees op –
- a) varke wat by abattoirs vir kommersiële doeleindes, anders as vir eie gebruik, geslag word; en
 - b) varke wat lewendig uitgevoer word.

Gebied waarin die statutêre maatreël van toepassing sal wees

4. Hierdie statutêre maatreël sal van toepassing wees binne die geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika.

Registrasie en toepassing

5. (1) Enige abattoir wat varke slag en uitvoerders van lewendige varke moet op 'n jaarlikse basis by die heffingadministrateur registreer en her-registreer.
- (2) Registrasie sal geskied onmiddellik na ontvangs van 'n registrasievorm wat by die heffingadministrateur vir hierdie doel verkry kan word, en sal soos volg ingestuur word:
- a) indien per pos, aan -
Die Heffingadministrateur
Posbus 36802
MENLO PARK
0102
 - b) Indien per telefaks, na 012 361 6004.
- (3) Enige abattoir soos omskryf in die heffingskennisgewing mag by die heffingadministrateur aansoek doen om vrystelling van die bepalings van klousule 5(1) en 5(2) van hierdie regulasies op grond daarvan dat dit 'n welsynsorganisasie is soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1998 (Wet 89 van 1991).
- (4) Die implementering, administrasie en toepassing van die statutêre maatreël wat ingestel word volgens hierdie regulasies word toevertrou aan die heffingadministrateur ingevolge artikel 14 van die Wet.

Inwerkingtreding en geldigheidsduur

6. Hierdie statutêre maatreël tree op 1 November 2010 in werking en sal op 31 Oktober 2014 verval.

No. R. 1019

2 November 2010

**Marketing of Agricultural Products Act, 1996
(Act No. 47 of 1996)**

**ESTABLISHMENT OF STATUTORY MEASURE AND DETERMINATION OF GUIDELINE
PRICE: LEVIES RELATING TO PIGS**

I, Tina Joemat-Pettersson, Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, acting under sections 10, 13, 14 and 15 of the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996), hereby establish the statutory measure set out in the Schedule hereto.

TINA JOEMAT-PETTERSON

Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries

SCHEDULE

Definitions

1. In this Schedule any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning and, unless the context indicates otherwise –

“abattoir” means a slaughter facility as defined in section 1 of the Meat Safety Act, 2000 (Act No. 40 of 2000), save for those facilities that have been excluded by the levy administrator after application to the levy administrator as provided for in the registration notice;

“exporter” means the owner of a pig at the time of export of that pig;

“head” means one pig irrespective of its age, size or weight;

“levy administrator” means the South African Pork Producers’ Organisation, the juristic person entrusted with the implementation, administration and enforcement of the statutory measure established under this regulation;

“owner” means the owner of a pig at the time of slaughter of that pig; and

“the Act” means the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996).

Purpose and aims of the statutory measures and the relation thereof to objectives of the Act

2. The measure is required by the pork industry to fund –
 - (a) Empowerment and development of black emerging pork producers;
 - (b) Consumer education;
 - (c) Consumer assurance;
 - (d) Research and development;
 - (e) Industry liaison and information; and
 - (f) Administration cost.

The levy is not detrimental to any of the objectives of the Act and, in particular, shall not be detrimental to the number of employment opportunities or fair labour practice in the pork industry.

The statutory measure shall be administered by the levy administrator, who appointed Red Meat Levy Admin (Pty) Ltd to assist them with the collection of the statutory levy. The latter shall act in terms of the mandate and on behalf of the South African Pork Producers’ Organisation.

The statutory measure is necessary to finance the above-mentioned functions and the levy shall be utilised in accordance with the levy application. The Auditor-General shall also be responsible for auditing the statutory levies collected.

Employment of statutory levies

3. It is hereby determined that, in respect of levies collected –
- a) approximately 70% of the funds shall be used for functions relating to consumer education, consumer assurance, research, industry liaison and information;
 - b) approximately 20% of the funds shall be used for transformation; and
 - c) not more than 10% of the funds shall be used for administration.

Product to which statutory measure applies

4. This statutory measure shall apply to –
- a) pigs slaughtered by abattoirs for commercial use other than for own consumption; and
 - b) pigs exported live.

Area in which statutory measure applies

5. This statutory measure shall apply within the geographical area of the Republic of South Africa.

Determination of guideline price

6. The guideline price is determined as follows:
- a) R1019 per pig slaughtered.
 - b) R1019 per pig exported live.

Amount of levy

7. The amount of the levy payable:
- a) R7,00 per head (VAT excluded) for pigs slaughtered at abattoirs.
 - b) R7,00 per head (VAT excluded) for pigs exported live.

Persons by whom levy is payable

8. The levy imposed in terms of this notice shall be –
- a) paid to the abattoir by the owner at slaughter of such pig and the abattoir will then pay it over to the levy administrator.
 - b) payable by the exporter of live pigs at the point of exit and paid over to the levy administrator.

Payment and enforcement of levy

9. (1) The levy shall be paid to the levy administrator –
- a) by the fourteenth day of the month following the month in which the pigs were slaughtered;
 - b) by the fourteenth day of the month following the month in which the pigs were exported.
- (2) Payments shall be made by means of a cheque or electronic bank transfer in favour of the levy administrator, and shall –
- a) When paid by cheque, be addressed to –
The Levy Administrator
P O Box 36802
MENLO PARK
0102
 - b) When electronically transferred, be paid to the account number obtainable from the levy administrator.
- (3) The implementation, administration and enforcement of the statutory measure established in these Regulations are entrusted to the levy administrator in terms of section 14 of the Act.

Commencement and period of validity

10. The establishment of this statutory measure shall come into operation on 1 November 2010 and lapse on 31 October 2014.

No. R. 1019

2 November 2010

**Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996
(Wet 47 van 1996)**

**INSTELLING VAN STATUTÊRE MAATREËL EN BEPALING VAN RIGLYN-PRYS:
HEFFINGS TEN OPSIGTE VAN VARKE**

Ek, Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtens artikels 10, 13, 14 en 15 van die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996 (Wet 47 van 1996), stel hiermee die statutêre heffing in soos uiteengesit in die Bylaag hierby aangeheg.

TINA JOEMAT-PETTERSON

Minister van Landbou, Bosbou en Visserye

BYLAAG

Woordomskrywings

1. In hierdie Bylaag het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en tensy uit die samehang anders blyk beteken -

“abattoir” 'n slagfasiliteit soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Vleisveiligheid, 2000 (Wet 40 van 2000) met die uitsondering van daardie fasiliteite wat deur die heffingadministrateur uitgesluit word op grond van 'n aansoek gerig aan die heffing administrateur soos voorsien in die registrasiekennisgewing;

“die Wet” die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996 (Wet 47 van 1996).

“eienaar” die eienaar van die vark op die tydstip wanneer die vark geslag word; en

“heffingadministrateur” die Suid-Afrikaanse Varkvleisprodusente-Organisasie, die juristiese persoon wat verantwoordelik is vir die implementering, administrasie en toepassing van die statutêre heffing soos ingevolge hierdie regulasie ingestel;

“kop” een vark ongeag sy ouderdom, grootte of gewig;

“uitvoerder” die eienaar van die vark op die tydstip wanneer die vark uitgevoer word.

Doel en doelstellings van die statutêre heffings en betrekking daarvan op die doelstellings van die Wet

2. Die maatreël word benodig deur die varkvleisbedryf om die volgende te befonds –
 - (a) Bemagtiging en ontwikkeling van swart opkomende varkvleisprodusente;
 - (b) Verbruikeropvoeding;
 - (c) Verbruikersgemoedrus;
 - (d) Navorsing en ontwikkeling;
 - (e) Bedryfskakeling en –inligting;
 - (f) Administrasiekoste

Die heffing sal nie die doelstellings van die Wet benadeel nie, en sal veral nie 'n nadelige invloed op die getal werksgeleenthede of billike arbeidspraktyk in die varkvleisbedryf hê nie.

Die statutêre maatreël sal deur die heffingadministrateur geadministreer word, wat reeds die Red Meat Levy Admin (Edms) Bpk aangestel het om met die invordering van statutêre heffings behulpzaam te wees. Laasgenoemde sal namens en

ingevolge die mandaat van die Suid-Afrikaanse Varkvleisprodusente-organisasie optree.

Die statutêre maatreël word benodig om die bogenoemde funksies te finansier en sal gebruik word soos uiteengesit in die heffingsaansoek. Die Ouditeur-Generaal sal ook verantwoordelik wees vir die ouditering van die statutêre heffings wat ingesamel word.

Aanwending van statutêre heffings

3. Daar word hiermee bepaal dat, ten opsigte van heffings wat versamel word –
 - a) ongeveer 70% van die fondse sal vir funksies aangaande verbruikeropvoeding, verbruikersgemoedrus, navorsing, bedryfskakeling en –inligting aangewend word;
 - b) ongeveer 20% van die fondse sal vir transformasiedoeleindes aangewend word; en
 - c) hoogstens 10% van die fondse sal vir administrasiedoeleindes aangewend word.

Produk waarop die statutêre maatreël van toepassing sal wees

4. Hierdie statutêre maatreël sal van toepassing wees op –
 - a) varke wat by 'n abattoir vir kommersiële doeleindes, anders as vir eie gebruik, geslag word; en
 - b) varke wat lewendig uitgevoer word.

Gebied waarin die statutêre maatreël van toepassing sal wees

5. Hierdie statutêre maatreël sal van toepassing wees binne die geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika.

Bepaling van riglyn-prys

6. Die riglyn-prys word soos volg bepaal:
 - a) R1019 per vark geslag.
 - b) R1019 per vark wat lewendig uitgevoer word.

Heffingsbedrag

7. Die heffingsbedrag wat betaalbaar is:
- a) R7,00 per kop (BTW uitgesluit) vir varke wat by abattoirs geslag word.
 - b) R7,00 per kop (BTW uitgesluit) vir varke wat lewendig uitgevoer word.

Persone deur wie die heffing betaalbaar is

8. Die heffing wat ingestel word ingevolge hierdie kennisgewing sal –
- a) betaalbaar wees aan die abattoir tydens slagting deur die eienaar van sodanige vark en die abattoir sal dit dan oorbetaal aan die heffingsadministrateur;
 - b) betaalbaar wees deur die uitvoerder van lewende varke by die vertrekpunt en dan oorbetaal word aan die heffingadministrateur.

Betaling en toepassing van die heffing

9. (1) Die heffing sal aan die heffingadministrateur betaal word –
- a) teen die veertiende dag van die maand wat volg op die maand waarin die varke geslag was;
 - b) teen die veertiende dag van die maand wat volg op die maand waarin die varke uitgevoer was.
- (2) Betalings sal geskied per tjek of elektroniese bankoorplasing ten gunste van die heffingadministrateur, en sal –
- a) Waar per tjek betaal word, gerig word aan –

Die Heffingadministrateur
Posbus 36802
MENLO PARK
0102
 - b) In die geval van 'n elektroniese bankoorplasing, betaal word by die rekeningnommer soos aangewys deur die heffingadministrateur.
- (3) Die implementering, administrasie en toepassing van die statutêre maatreël wat volgens hierdie regulasies ingestel word, word toevertrou aan die heffingadministrateur ingevolge artikel 14 van die Wet.

Inwerkingtreding en geldigheidsduur

10. Die instelling van hierdie statutêre maatreël tree op 1 November 2010 in werking en sal op 31 Oktober 2014 verval.

No. R. 1020

2 November 2010

**Marketing of Agricultural Products Act, 1996
(Act No. 47 of 1996)**

**ESTABLISHMENT OF STATUTORY MEASURES: RECORDS AND RETURNS BY
ABATTOIRS AND EXPORTERS OF LIVE PIGS**

I, Tina Joemat-Pettersson, Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, acting under sections 10, 13, 14 and 18 of the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996), hereby establish the statutory measure set out in the Schedule hereto.

TINA JOEMAT-PETTERSSON

Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries

SCHEDULE

Definitions

1. In this schedule any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning and, unless the context indicates otherwise –

“abattoir” means a slaughter facility as defined in section 1 of the Meat Safety Act, 2000 (Act No. 40 of 2000), save for those facilities that have been excluded by the levy administrator after application to the levy administrator as provided for in the registration notice;

“levy administrator” means the South African Pork Producers’ Organisation, the juristic person entrusted with the implementation, administration and enforcement of the statutory measure established under this regulation;

“the Act” means the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996).

Purpose and aim of statutory measure and the relation thereof to objectives of the Act

2. The purpose and aim of this statutory measure is to compel abattoirs and exporters of live pigs to render records and returns to the levy administrator. This is necessary to ensure that continuous, timeous and accurate information relating to pigs slaughtered and marketed or live pigs exported is available to all role players. Market information is deemed essential for all role players in order for them to make informed decisions. By prescribing the keeping of records with the rendering of returns on an individual basis, market information for the whole of the industry can be processed and disseminated. The establishment of the statutory measure should assist in promoting the efficiency of the marketing of meat. The viability of the pork industry should thus be enhanced.

The measure is not detrimental to any of the objectives of the Act and, in particular, shall not be detrimental to the number of employment opportunities or fair labour practice in the pork industry.

Confidential information of any person subject to this statutory measure obtained by the levy administrator through the implementation, administration and enforcement of this statutory measure shall be dealt with in accordance with section 23(2) of the Act.

The measure shall be administered by the levy administrator who appointed the Red Meat Levy Admin (Pty) Ltd to assist them with the administration of the statutory measure. The latter shall act in terms of the mandate and on behalf of the South African Pork Producers’ Organisation.

Products to which the statutory measure applies

3. This statutory measure shall apply to –
- a. pigs slaughtered by abattoirs for commercial use other than for own consumption; and
 - b. pigs exported live.

Area in which statutory measure shall apply

4. This statutory measure shall apply within the geographical area of the Republic of South Africa.

Records to be kept, returns to be rendered and the enforcement thereof

5. (1) Abattoirs slaughtering pigs for commercial use other than for consumption and exporters of live pigs, shall keep such records and render the returns as may be required by the levy administrator.

(2) The records referred to in sub-clause (1) shall –

- (a) be recorded on a computer or with ink in a book;
- (b) be kept at the registered premises of the person required to keep such records for a period of at least three years.

3) The returns referred to in sub-clause (1) shall be rendered on a form obtainable free of charge for this purpose from the levy administrator, and shall –

- (a) be submitted, when forwarded by post, to

The Levy Administrator

P O Box 36802

MENLO PARK

0102

- (b) when sent by telefax, be addressed to – 012 361 6004.

4) The implementation, administration and enforcement of the statutory measure established in these Regulations are entrusted to the levy administrator in terms of section 14 of the Act.

Commencement and period of validity

5. This statutory measure shall come into operation on 1 November 2010 and lapse on 31 October 2014.

No. R. 1020

2 November 2010

**Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996
(Wet 47 van 1996)**

**INSTELLING VAN STATUTÊRE MAATREËLS: REKORDS EN OPGAWES DEUR
ABATTOIRS EN UITVOERDERS VAN LEWENDE VARKE**

Ek, Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtes artikels 10, 13, 14 en 18 van die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996 (Wet 47 van 1996), stel hiermee die statutêre maatreël in soos uiteengesit in die Bylaag hierby aangeheg.

TINA JOEMAT-PETTERSON

Minister van Landbou, Bosbou en Visserye

BYLAAG

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylaag het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en tensy dit uit die samehang anders blyk beteken -

“abattoir” 'n slagfasiliteit soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Vleisveiligheid, 2000 (Wet 40 van 2000) met die uitsondering van daardie fasiliteite wat deur die heffingadministrateur uitgesluit word op grond van 'n aansoek gerig aan die heffingadministrateur soos voorsien in die registrasiekennisgewing;

“heffingadministrateur” die Suid-Afrikaanse Varkvleisprodusente-Organisasie, die juristiese persoon wat verantwoordelik is vir die implementering, administrasie en toepassing van die statutêre maatreël soos ingevolge hierdie regulasie ingestel;

“die Wet” die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996 (Wet 47 van 1996).

Doel en doelstellings van die statutêre maatreël en die betrekking daarvan op die doelstellings van die Wet

2. Die doel en doelstellings van hierdie statutêre maatreël is om abattoirs wat varke slag en uitvoerders van lewende varke te verplig om te registreer by die heffingadministrateur. Dit is nodig om te verseker dat aaneenlopende, tydige en akkurate markinligting ten opsigte van varke wat geslag en bemark of lewendig uitgevoer word aan alle rolspelers beskikbaar is. Markinligting word as noodsaaklik geag vir alle rolspelers om hulle in staat te stel om ingeligte besluite te neem. Deur rekordhouding voor te skryf met die indiening van opgawes op 'n individuele basis, kan markinligting vir die hele bedryf verwerk en versprei word. Die instelling van die statutêre maatreël sal help om die doeltreffendheid van vleisbemarking te bevorder. Die lewensvatbaarheid van die varkvleisbedryf sal dus verhoog word.

Die maatreël sal nie die doelstelling van die Wet benadeel nie en sal veral nie 'n nadelige invloed op die getal werkseleenthede of billike arbeidspraktyk in die varkvleisbedryf hê nie.

Vertroulike inligting oor enige persoon wat onderhewig is aan hierdie statutêre maatreël wat verkry word deur die heffingadministrateur deur middel van die implementering, administrasie en toepassing van hierdie statutêre maatreël sal hanteer word ingevolge artikel 23(2) van die Wet.

Die statutêre maatreël sal deur die heffingadministrateur geadministreer word, wat reeds die Red Meat Levy Admin (Edms) Bpk aangestel het om met die

administrasie van die statutêre maatreël behulpzaam te wees. Laasgenoemde sal namens en ingevolge die mandaat van die Suid-Afrikaanse Varkvleisprodusente-organisasie optree.

Produk waarop die statutêre maatreël van toepassing sal wees

3. Hierdie statutêre maatreël sal van toepassing wees op
- a) varke wat by abattoirs geslag word vir kommersiële doeleindes, anders as vir eie gebruik; en
 - b) varke wat lewendig uitgevoer word.

Gebied waarin die statutêre maatreël van toepassing sal wees

4. Hierdie statutêre maatreël sal van toepassing wees binne die geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika.

Rekords wat gehou moet word; opgawes wat ingedien moet word, en die toepassing daarvan

5. (1) Abattoirs wat varke vir kommersiële doeleindes anders as vir eie gebruik slag en uitvoerders van lewendige varke moet sodanige opgawes indien as wat vereis mag word deur die heffingadministrateur.
- (2) Die rekords na verwys in sub-klousule (1) sal –
- (a) op rekenaar gehou word of met ink in 'n boek aangebring word;
 - (b) by die geregistreerde perseel van die persoon wat sodanige rekords moet hou bewaar word vir 'n tydperke van ten minste drie jaar.
- (3) Die opgawes na verwys in sub-klousule (1) sal ingedien word op 'n vorm wat gratis vir hierdie doel by die heffingadministrateur verkry kan word, en sal soos volg ingestuur word –
- (a) Indien per pos, aan -
Die Heffingadministrateur
Posbus 36802
MENLO PARK
0102
 - (b) Indien per telefaks, na 012 361 6004.

(4) Die implementering, administrasie en toepassing van die statutêre maatreël wat ingestel word volgens hierdie regulasies word toevertrou aan die heffingadministrateur ingevolge artikel 14 van die Wet.

Inwerkingtreding en geldigheidsduur

6. Hierdie statutêre maatreël tree op 1 November 2010 in werking en sal op 31 Oktober 2014 verval.
-

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531